**Donderdag 1 Desember**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:12-20 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 4:19**

### Aan God verbind deur Jesus, wat die hemel na die aarde gebring het

Die oortreding van die eerste (geen afgode) en die tweede gebod (geen afbeelding van God) was ’n wesenlike gevaar onder Israel, omdat hulle die HERE nooit gesien het nie. Daarom mag hulle nie beelde maak van enige mens, dier, voël of vis nie, en ook nie van iets in die hemelruim nie. Dit raak hulle lewe.

God is ’n jaloerse God! Die volk aan wie Hy Homself verbind het, mag nie sy wet oortree nie. Hy het die dinge in die hemel gemaak en uitgedeel om in diens van al die volke op aarde te wees, en nié sodat mense daarvoor sal neerbuig en dit dien nie! In die smeltoond van Egipte het die HERE sy volk getemper om juis nie soos die ander volke te wees nie.

Israel is egter keer op keer verlei om te doen soos die heidene doen. Eers toe God sy Seun deur die smeltoond van hierdie sondebesmette mensdom op aarde gestuur het, is al tien gebooie ten volle in Hom vervul. Hy is die ware Beeld van die onsienlike God, deur Wie dit die Vader behaag het om alles met Homself te versoen nadat Hy deur die bloed van sy kruis vrede gemaak het.

Nou slaan ons ons oë op na die hemel, en agter die son en die maan en die sterre, agter die hele hemelse leër van geskape dinge, sien ons die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat ons in Christus geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele!

*Sing: Psalm 89:3 (1936)*

*Ds. JH (Harry) Cilliers (Reitz)*